DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

15 November 2026

Gasvryheids-bediening

Koffie/tee
na die
erediens,
in Kosmos.
Jy is genooi!

Dankie aan Elisma Lotz en span.

Gebedsonderwerpe

- Bid vir die Kerkraadsvergadering Dinsdagaand en vir die verkiesing van nuwe kerkraadslede.
- Tania en Werner en almal wat betrokke is by Helderberg Babas, dat hulle liefde en toewyding 'n blywende invloed op elke baba sal hê. Bid dat die regte baba by die regte aanneemouers geplaas sal word.
- Bid vir die samestelling van stabiele koalisies in munisipale rade waar geen party 'n volstrekte meerderheid het. Bid dat politici in die belang van die kiesers sal optree.
- Volhard in gebed vir al die dele van Afrika wat deur konflik, misdaad en terrorisme geteister word. Bid vir die inwoners wat baie swaar kry. Bid vir gelowiges wat weens hulle geloof uitgesonder word vir aanvalle.

Epos: hannetjiegericke@gmail.com

BORG van die maand

Brits & Matthee Prokureurs

Paul Brits

021 852 3650

Brightstraat 23
Somerset-Wes
paul.brits@mweb.co.za

NOV se deurkollektes

01 Nov: Gemeentebediening – R1 793
08 Nov: Dienende Hande – R1 650
15 Nov: Durbanville Kinderhuis
22 Nov: Sinode: Jeugwerk
22 Nov: Kerssangdiens Musiekbediening
29 Nov: Projekte 2026

Bybelstudie Stormhaven

Don, 11 Nov
om 10:00.

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan

Snap here to pay

Works with

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

Oggenddiens 09:00

Liewe gemeente,
Baie dankie dat jy vanoggend hier is.
Mag die Woord van God jou ryklik vul met seën en krag vir dit wat voorlê.
Openbaring 3:7–13 is vanoggend ons skriflesing. Ons lees hier van die gemeente in Filadelfia wat, te midde van onsekerheid, teenstand en uitsluiting, aan die Here bly vashou het. Aan hulle word die belofte gegee dat hulle pilare in God se tempel sal wees.
My hoop is dat jy vanoggend sal ontdek dat, selfs wanneer die aarde onder jou voete skud, jy steeds jou roeping in die Here kan vind en in Hom die vastigheid vind.

Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

Bybelstudie Woensdae

Oggende: 2-weekliks
18/11: 10:00 in Patmos
Aande: weekliks
18/11: 18:00 in Patmos

Gebedsgroep Woensdae

Afgesluit vir die jaar.

Voorbidding

- **Adele Pretorius**, met haar ma se afsterwe.
- **Meppie Lochner,** geval.
- **Josephine dL d Bouter**, skoueroperasie.
- **Elmare Rankin**, herstel na val.
- **Pierre Malan**, tuis na heupvervanging.
- **Arend la Grange**, tuis na hospitalisasie.
- **Muggie Rossouw**, hospitaal.
- **Linda Styger**, herstel na oogoperasie.
- **Chris Carstens**, heupvervanging.
- **Tersia Baard**, knieprobleme.
- **Nico Kapp**, longfibrose.
- **Lientjie Smit,** tuis na hospitalisasie.
- **Marietha du Toit,** verswakte sorg.
- **Marcel Malan,** verswak.
- **Willie vd Merwe,** ondersteunende versorging.
- **Francine v Zyl**, behandeling.
- **Jeanette Snyman,** behandeling.
- **Dawie Rossouw,** behandeling.
- **Chelly vd Merwe,** broos.

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Volgende geleentheid: 20 November

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *



KERSMARK

Ons benodig weer:

- **Toesighouers** in die saal en **deurwagte** by die deure, asook **pakkers**.
- **Teekamer diensbeurte.**
- **Diensbeurtroosters** sal elke Sondag in die kerk se syportaal, naaste aan die kerksaal, beskikbaar wees en gedurende die week in die kerkkantoor. Dui asb. aan waar jy behulpsaam kan wees.
- Ons benodig asb. vrywilligers wat **koeke** en **terte** sal skenk vir die Kersmark se teekamer. Ons het ongeveer 8 koeke/terte per dag nodig vir die duur van die kersmark (8 dae). Kontak asb. vir Suzette Posthumus (061 262 8298) of Hanlie Neethling (072 433 7243) as jy kan help.
- Ons benodig ook die volgende vir die koue poedings:
  - 16 houers **1-liter vla** en;
  - hope **80g pakkies jellies**.

    Geure: aarbei, pynappel, lemoen, groenpruim ("greengage").

Gee asb. by die kerkkantoor af.

Kategese: 15 Nov 2026



Die Junior Kategese (voorskool-graad 6) kom tydens die erediens in die kerksaal/Patmos bymekaar vir hulle aktiwiteit. Na die erediens sal die afsluiting in die kerksaal plaasvind vir die junior en senior kategese.

Die ouers word genooi om die kategese-afsluitingsgeleentheid saam met hul kinders in die kerksaal by te woon na die erediens.

Baie sterkte aan ons kinders wat besig is met eksamen of voorbereiding daarvan!

Ons bedank ook graag ons kategete vir hul onbaatsugtige diens gedurende die jaar.

Kategete:	**Ds Werner Schultz**	**Voorsitter: Jeug**	
	Rona van Zyl	**Junior Kategese:**	**Voorskool**
	Denise Marx	**Junior Kategese:**	**Gr 1 - 6**
	Gideon Muller	**Senior Kategese:**	**Gr 7 - 9**
	Ds Willem Sauer	**Senior Kategese:**	**Gr 10 - 12**

Let asb. daarop dat daar oranje kegels op die kerkterrein by die skuins parkering voor die sloot by die Gedenkmuur geplaas is.
Wees asb. versigtig wanneer julle daar parkeer.

SOMERSET-WES

KERSMARK

27 NOV - 5 DES 2026

Kom kuier saam!

Gratis Toegang & Parkering

Kaart Fasiliteite | Rolstoelvriendelik

Weeksdae 09:00 - 19:00
Saterdae 09:00 - 15:00

Juwele, Huisware, Biltong
Diereprodukte, Koekies, Kindergoed
Ingelegde produkte, Plante, Boeke
Geskenke, Naaldwerk, Droëvrugte
Dekor, Hout/ Staal/Metaal Geskenke
Heerlike Kuier-Teekamer en vele meer!!

ANDRIES PRETORIUSSTR 77
SOMERSET-WES

DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

Sing HOSANNA!



KERSSANGDIENS



Omgeegemeente, Andries Pretoriusstraat 77, Somerset-Wes

22 November 2026, 19:00